

Risikotariefhersiening Mei 2026

Jaarlikse hersiening van versekerde risikovooredele – 1 Julie 2026

'n Jaarlikse besparing van sowat R2 miljoen!

Hierdie bedrag, wat andersins vir die koste van risikovooredele aangewend sou word, sal direk in lede se Fondsbelang belê word.

Die Raad van Trusteë is daartoe verbind om seker te maak dat die versekerde sterfte-, ongeskiktheids-, ernstige siekte- en begrafnisvooredele teen markverwante tariewe maksimum waarde vir ons lede toevoeg.

Daarom hersien die Raad gereeld die Fondsvoredele en bring wysigings aan wat na hul mening in u beste belang is. Faktore wat 'n groot invloed het op risikopremietariewe, is eiservaring en veranderinge in die lidmaatskapsprofiel (soos stygende gemiddelde ouderdom van lede).

Die Raad van Trusteë kondig graag aan dat die Fonds se jaarlikse hersiening van versekerde vooredele gelei het tot premieverlagings ten opsigte van al die versekerde risikovooredele vanaf 1 Julie 2026. Met hierdie verlagings is 'n geraamde jaarlikse besparing van sowat **R2 miljoen** vir alle lede saam verkry. Soos hierbo genoem, beteken die verlaagde tariewe dat 'n groter gedeelte van die maandelikse bydraes tot die Fonds aan lede se aftreevooredele toegewys kan word, wat help om oor die lang termyn beter aftree-uitkomste te verkry.

Die besonderhede van die risikovooredele is op die Fonds se webwerf beskikbaar en 'n kort oorsig word hieronder gegee.



Begrafnisdekking – Sanlam se tariewe 5.2% laer!

Die tariewe word elke jaar hersien. Verlede jaar het hierdie tariewe met 18% gedaal.

Die getal eise vir begrafnisdekking het sedert die pandemie afgeneem en Sanlam het vervolgens ingestem om weer die premies vir al 3 opsies vanaf 1 Julie 2026 met 'n verdere 5.2% te verlaag.

'n Markondersoek wat gedoen is, het bevestig dat Sanlam se nuwe tariewe die heel beste is wat vir ons lede verkry kan word. Die verlaagde premietariewe vanaf 1 Julie 2026 is soos volg:

Tarief per lid per maand vanaf 1 Julie 2026			
Voordeel	Opsie 1 – R30 000	Opsie 2 – R40 000	Opsie 3 – R55 000
Begrafnisdekkingpremie	R31.00	R41.33	R56.83





Brekende nuus!

Die Fonds het ook 'n nuwe opsie ingebring wat lede van 1 Julie tot 30 September die geleentheid sal gee om hul dekking jaarliks te verhoog. Verdere kommunikasie met besonderhede oor hierdie verbetering volg binnekort.

Sterftevoordele – tariewe is nog 13.4% laer!

Die tariewe is vanaf 1 Julie 2023 en 1 Julie 2024 met onderskeidelik 14.5% en 13% verlaag – grotendeels danksy die afname in eise sedert die pandemie.

Die Raad kondig graag aan dat die tariewe weer vir alle ouderdomsgroepe verlaag is, met 13.4%, vanaf 1 Julie 2026.

'n Markondersoek is ook onderneem, wat bevestig het dat die tariewe beide mededingend en volhoubaar is, en dus die heel beste tariewe is wat vir ons lede verkry kon word.

Die tariewe word uitgedruk in sent per R1 000 versekerde bedrag per ouderdomsgroep. Die verlaagde premietariewe vanaf 1 Julie 2026 is soos volg:

Ouderdomsgroepe	Eenheidstarief vanaf 1 Julie 2026 (sent)
Jonger as 30	15.46
30–39	23.19
40–49	43.80
50–54	70.86
55–64	119.17
65–69	233.19
70–75	341.40



Sterftevoordele: 'nLid is 29 jaar oud en verdien 'n jaarlikse pensioengewende salaris van R400 000.

Die lid kies sterftevoordeeldekking van 2 x hul jaarlikse pensioengewende salaris = R800 000 dekking.

Berekening: $R800\ 000 \times 15.46 \text{ (eenheidstarief)} / 1\ 000 = R123.68 \text{ p.m.}$ (premie wat van die werkgewer se gedeelte van die bydrae tot die Fonds afgetrek sal word).

Vir hierdie lid is die jaarlikse premie gelyk aan 'n tarief van 0.3710% van hul jaarlikse pensioengewende salaris.

Die bewysvrye dekkingsperk is ook van R5 000 000 tot R6 000 000 verhoog, wat die maksimum dekkingsbedrag is voordat mediese onderskrywing vereis word.


Ongeskiktheidsinkomstevoordeel – tariewe 11.05% laer!

Die premietarief van 1.837% van pensioengewende salaris is vir 6 jaar na mekaar onveranderd gehou. Daarom is dit vir die Raad baie aangenaam om aan te kondig dat die tarief tot 1.634% verlaag is. Dit is 'n verlaging van 11.05% en geld vanaf 1 Julie 2026.

Die maksimum toelaatbare maandelikse voordeel bly onveranderd op R220 000 p.m. Die bewysvrye dekkingsperk is tot R80 000 verhoog, wat die maksimum dekkingsbedrag is voordat mediese onderskrywing vereis word. Die markondersoek het bevestig dat die nuwe premietarief vir hierdie voordeel die beste in die mark is, met inagneming van die komplekse voordeelstruktuur, die diens wat Momentum moet lewer en die bewysvrye perk wat verskaf word.



Vrywillige Ernstige Siektevoordeel – tariewe 7.5% laer!



Alle lede het 'n eenmalige opsie gekry om in Februarie 2018 hierdie voordeel te kies, toe 3 opsies met hul ooreenstemmende dekkingsvlakke aangebied is. Op versoek is lede weer 'n eenmalige opsie gegee om teen 31 Oktober 2022 hierdie dekking aan te gaan.

Lede het daarna gevra dat hulle die geleentheid gegee word om meer gereeld die ernstige siekte-voordeel te kies of te verhoog, en die versekeraar het dié reëling vanaf 1 Oktober 2023 gewysig sodat lede die ernstige siekte-voordeel na gespesifiseerde gebeurtenisse kan kies of verhoog (d.i. "met bevordering" is bygevoeg). Nuwe lede kan binne 3 maande nadat hulle by die Fonds aangesluit het, kies om hierdie voordeel op te neem.

Die Raad kondig graag aan dat die tariewe vir al 3 opsies verlaag is. Die premietariewe het vir 7 jaar na mekaar onveranderd gebly en word nou vanaf 1 Julie 2026 verlaag.

	Ouderdom 40 jaar en jonger*	Ouderdom 41 tot 50 jaar*	Ouderdom 51 tot 65 jaar*
Opsie 1 – R100 000	R13.84	R47.14	R117.19
Opsie 2 – R200 000	R26.44	R90.10	R223.73
Opsie 3 – R300 000	R37.37	R130.44	R324.89

* Ouderdom word aanvanklik bereken soos op die intreedatum, en elke jaar daarna op die verjaardagdatum (1 Julie).

Trustees: Mnr J Jacobs (Voorsitter) | Mev M Van Zyl (Ondervoorsitter) | Mnr SF du Toit |
Adv CJ Franken | Mnr J Lawack | Rdl WR Meiring | Mev SLC Petersen | Rdl S Philander
Hoofbeampte: Mev IT Hartlief

Posbus 4300 | Tygervallei | 7536 | Belmont Office Park | Twiststraat | Bellville | 7530
WhatsApp 076 073 0997 (tussen 08h00 - 16h00) | Tel 021 943 5305 | E-pos support@laretirementfund.co.za
www.laretirementfund.co.za | <https://www.facebook.com/LARetirementFund> | Fondsregistrasienommer 12/8/1278